# Spesiale Navorsingskema (SOS) vir Navorsing: Aanwending van 'n gedeelte van die Navorsingsfonds



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Implementeringsdatum: 8/1/2011

# Spesiale Navorsingskema (SOS) vir Navorsing: Aanwending van 'n gedeelte van die Navorsingsfonds

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Regulasie |
| **Goedkeuring:** | Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 8/1/2011 |
| **Implementeringsdatum:** | 8/1/2011 |
| **Hersieningsdatum / Hersieningsfrekwensie:** | Elke vyf jaar |
| **Vorige weergawes:** | In accordance with the Raad Resolution of 15 May 1987, implemented on 1 January 1988, approved by the Senate on December 2004, updated August 2011. |
| **Eienaar[1]:** | Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie |
| **Kurator[2]:** | Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie |
| **Sleutelwoorde:** | Special Support Scheme for Research (SSS), Publication, Research |
| **Geldigheid:** | In geval van verskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie reglement as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling. |

[1] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum(s) waarin die reglement funksioneer.
[2] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die inbedryfstelling en handhawing van die beleid.

# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

## SPESIALE ONDERSTEUNINGSKEMA (SOS) VIR NAVORSING

(*Aanwending van 'n gedeelte van die Navorsingsfonds)*

## REGLEMENT

(*Volgens Raadsbesluit van 15 Mei 1987, geïmplementeer op 1 Januarie 1988, goedgekeur deur Senaat op 1 Desember 2004*, opgedateer Augustus 2011)

1. **Bedrae**

1.1 Daar word jaarliks 'n globale bedrag, bereken teen 'n eenheidsbedrag (wat ook jaarliks vasgestel sal word) vir elke publikasie-eenheid wat by die Departement van Onderwys kwalifiseer vir staatsubsidie, uit die fondse van die Navorsingskomitee beskikbaar gestel vir kreditering op die navorsingsrekeninge van departemente/institute/buro's/sentra/-eenhede/identifiseerbare groepe. Die navorsers wat tot hierdie uitsette bygedra het, moet toegang tot hierdie fondse hê. Afsonderlike reëlings geld vir persone wat uitsette lewer wat nie voltyds of deeltyds in diens van die US is nie.

1.2 'n Bedrag, soos bepaal deur elke subkomitee, sal toegeken word vir elke kredieteenheid wat verdien word deur sowel vaktydskrifartikels en boeke wat by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding kwalifiseer vir staatsubsidie.

1.3 Alle departementele voorsitters word versoek om te verseker dat, in oorleg met die outeurs wat bygedra het tot hierdie uitsette, die SOS-fondse strategies aangewend word. Die stand van SOS-fondse van departemente sal in die toekoms in ag geneem word in die toedeling van institusionele navorsingsfondse

2. **Plaaslike keuring**

2.1 Ad hoc-komitees van die onderskeie subkomitees van die Navorsingskomitee, bestaande uit die Voorsitter van die Navorsingskomitee, die Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie, en onderskeidelik die voorsitters van Subkomitees A, B en C of hulle sekundi, met reg tot koöptering van persone met die toepaslike kundigheid, sal jaarliks as keurkomitees funksioneer ten einde boeke vir die vakspesialis te keur vir:

- insluiting, waar toepaslik, by die Universiteit se publikasiegegewens wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gestuur moet word, en

- die doeleindes van 1.2. hierbo.

3. **Aanwending en kontrole**

Die aangehegte riglyne sal as basis dien vir die <u>aanwending</u> van die gekanaliseerde fondse sowel as <u>kontrole</u> oor die aanwending daarvan.

**RIGLYNE VIR DIE AANWENDING VAN TOEGEKENDE PUBLIKASIESUBSIDIEGELD EN DIE KONTROLE DAAROOR**

1. Die toegekende fondse moet deur die betrokke departement/instituut/buro/sentrum/eenheid/identifiseerbare groep aangewend word ter bevordering van NAVORSING, maar slegs met skriftelike GOEDKEURING van die departementele voorsitter of direkteur. (In die geval van aansoeke van voorsitters en direkteure self, moet goedkeuring SLEGS ten opsigte van aansoeke vir (i) buitelandse reiskoste en/of (ii) die gepaardgaande verblyf- en ander koste deur die betrokke dekaan of beheerkomitee-voorsitter verleen word. Vir navorsers op dekaansvlak moet goedkeuring t.o.v. (i) en (ii) deur die Viserektor (Navorsing) gegee word. Alle ander aansoeke van voorsitters en direkteure word direk na die Afdeling Begrotingsbeheer gestuur vir afhandeling.)

2. Die toegekende fondse, waartoe die betrokke navorser toegang moet hê (sien ook punt 1.1 van die SOS-Reglement), mag aangewend word vir die volgende doeleindes:

2.1 Tydelike navorsingsassistensie.

2.2 Bykomende publikasiekoste (bladsygeld en herdrukke)

2.3 Lopende uitgawes vir navorsing (ook vir projekte van nagraadse studente).

2.4 Aankoop van spesiale boeke of geskrewe of elektroniese bronne vir die sentrale biblioteek of tak- (fakulteits-, departementele) biblioteke.

2.5 Aankoop van rekenaars en materiaal benodig vir navorsing.

2.6 Aankoop van navorsingsapparaat.

2.7 Reis- en verblyfkoste (of aanvulling daarvan), onderhewig aan die Universiteit se heersende ondersteuningsnorme, vir goedgekeurde binnelandse en buitelandse reise in verband met navorsing, vir die bywoning van binnelandse en buitelandse vakkongresse, simposia, werkwinkels, besoeke aan ander laboratoria, navorsingsbesoeke aan vakgenote, veldwerk, ensovoorts.

2.8 Lidmaatskapgelde van verenigings vir wetenskaplike vakspesialiste wat navorsing bevorder of stimuleer, deur byvoorbeeld gereeld wetenskaplike kongresse aan te bied.

2.9 Navorsingsgenote

2.10 Navorsingsaktiwiteite van afgetrede personeel (in alle gevalle in oorleg met die departementele voorsitter en die dekaan van die betrokke fakulteit).

2.11 Beurse vir nagraadse studie en ná-doktorale genootskappe (in ooreenstemming met die reëls en prosedures wat geld vir beurse uit instituutfondse of departementele buitefondse).

3. Fondse wat in 'n bepaalde jaar toegeken is, is oordraagbaar.

Augustus 2011